

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 33: B'chukkotai (בהקותי) – Volgens My Bepalings

As julle in my insettinge wandel en my gebooi hou en dit doen,... (Lev. 26:3)

Torah: Lev. 26:3 tot 27:34.

- ❖ Die Toepassing Van Kennis.
- ❖ Dit Is Nie So Erg Nie?!
- ❖ Lev. 26:3 – Die Sleutel tot Lewe en Oorvloed.
- ❖ Lev. 26:4 tot 39 – Seëninge En Vloeke.
- ❖ Lev. 26:32 tot 35 – Israel, Die Land En Volk Is YHVH Se Eiendom.

Haftorah: Jer. 16:19 tot 17:14 – Die Terugkeer Uit Ballingskap.

Hernieude Verbond: Matt. 7:21 tot 27; Rom. 1:18; Rom. 2:2 tot 10; Efes. 5:1 tot 7; Kol. 3:1 tot 10; 1 Thess. 1:10 en 1 Thess. 5:9; Open. 11:18; Open. 14:10 en 19; Open. 15:1; Open. 16:1 en 19.

The farmer ploughs through the fields of green, and the blade of the plough is sharp and keen, but the seed must be sown to bring forth grain, for nothing is born without suffering and pain. And YHWH never ploughs in the soul of man, without intention and purpose and plan. So whenever you feel the plough's sharp blade, let not your heart be sorely afraid. For, like the farmer, YHWH chooses a field, from which he expects an excellent yield. So rejoice though your heart is broken in two, because YHWH seeks to bring forth a rich harvest in you
– Author Unknown

Experience is a cruel teacher – first it gives the exam and then the lesson

Midrash (Torah Bespreking)

Die Toepassing Van Kennis

Ons het gekom aan die einde van die derde boek van die Torah, Levitikus (*Vayikra*). Dit bevat die onderrig en instruksies hoe om YHVH te dien en te aanbid. Daarom handel Levitikus hoofsaaklik oor die verpligtinge van die priesters ten opsigte van veral die doel en die hantering van die offerandes, asook die onderrig en instruksies vir rein en heilig wat die basis is van 'n voorspoedige en ordelike samelewing wat in YHVH se Teenwoordigheid leef en Sy seëninge deelagtig is.

Levitikus kan oorhoofs beskou word as die teoretiese onderrig in Torah, maar wat nou gaan volg is die praktiese toepassing daarvan in die wildernis van die lewe. Nou gaan dit oor daaglikse keuses wat elkeen sal moet maak volgens wat in Torah geskryf staan. Gaan Israel altyd die regte keuses maak? Het ons saam met Israel geleer wat Vader-God se wil vir ons alledaagse lewe is?

Vayikra beteken: *Hy het geroep!* YHVH het ons geroep om terug te keer na die hart van ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob (Mal. 4:6) voordat die groot en vreeslike dag van YHVH aanbreek (Mal. 4:5). Ons voorvaders het geglo in Yeshua Messias wat sou kom en hulle het volgens YHVH se insettinge gewandel en Sy gebooie gehou en gedoen. Gaan ons volg in die geloofsvoetspore van ons voorvaders en van ons Meester Yeshua, of gaan ons dieselfde foute as Israel van ouds maak?

Kennis wat nie reg toegepas word nie, is nuttelose kennis!

Is ons bereid om deur Vader-God getoets te word of ons Sy Torah – die boodskap van die waarheid – reguit verkondig (2 Tim. 2:15)?

Die boek van Levitikus sluit dan af met hierdie gepaste woorde van Moses:

Dit is die opdragte wat יהיה op die berg Sinai aan Moshe, vir die seuns van Yisra'el, beveel het. Lev. 27:34 – PWL.

Dit is dan ook die kernboodschap van Levitikus! Gehoorsaamheid!!

Dit Is Nie So Erg Nie?!

Die mens se wil is soewerein, en daarom het elkeen die keuse tussen gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah, naamlik Sy liefdevolle onderrig en instruksies. Hierdie keuse het egter wye impak en dikwels besef gelowiges dit eers te laat!

Die volgende kan as illustrasie gebruik word: 'n Man spring uit die twintigste verdieping van 'n gebou. Terwyl hy by die tiende verdieping verby val sê hy vir homself: *Dit is nie so erg as dit waar teen ek gewaarsku was nie!!* Dit is presies hoe die verre meerderheid Christene se siening oor gehoorsaamheid aan Torah is. Ten spyte van die herhaalde vermaninge van YHVH om Sy gebooie te hou en dit te doen, en ten spyte van die waarskuwings van die

nadelige gevolge van ongehoorsaamheid, is die meerderheid se reaksie een van: *Ag, toemaar dit is nie so erg nie!!*

Torah-ongehoorsaamheid is soos om, ten spyte van YHVH-God se vermaninge en waarskuwings, van 'n baie hoë gebou af te spring!! Dit is nie die val as sulks wat die probleem is nie, maar dit is die eindresultaat van die val wat dit so erg maak. Die gevolge van die val en die oomblik van impak op die grond is waar die probleem lê. Moet 'n mens eers *die grond tref* om te beseef wat die gevolge van 'n leefwyse van Torah-ongehoorsaamheid is?

Elkeen wat bely om 'n Christen te wees het vrylik toegang tot YHVH se Woord wat ons handleiding tot redding en 'n leefwyse as geregverdig in YHVH Yeshua. Soos Paulus aan Timotheus geskryf het:

Bly jy egter in daardie dinge wat jy geleer het en waarvan jy seker is omdat jy weet van wie jy geleer het en omdat jy van kindsbeen af die afgesonderde Geskrifte geleer is wat jou wys kan maak tot die Lewe in die vertrouwe van Yeshua, Die Gesalfde Een. Elke geskrif wat deur die Gees geskryf is, is voordelig vir lering, vir korreksie, vir rigting en vir 'n kursus in onpartydige opregtheid sodat die man van God volmaak kan wees, volmaak gemaak vir elke goeie daad. 2 Tim. 3:14 tot 17 – PWL.¹

Hierdie Skrifte waarna Paulus verwys is die Tanakh, naamlik die ou verbond wat die beginpunt van ons handleiding is om ons in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en om ons YHVH se geregtigheid te leer. Hierdie handleiding begin by Torah wat die fondament is waarop elke geestelike lewe in Yeshua moet bou! Dit is die beginpunt van die soeke na die geregtigheid van God (Matt. 6:33). En tog verkies die meerderheid om eerder die valse leraars te glo wat verkondig dat jy maar van die hoë gebou van Torah-ongehoorsaamheid af kan spring, want God se genade sal jou red.

Dit herinner ons aan Satan wat Yeshua versoek het en soos dit opgeteken is in Matt. 4:5 tot 7:

Toe bring die teëstander Hom na die afgesonderde stad en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan en sê vir Hom: “As U die Seun van God is, spring af, want daar is geskrywe: ‘Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U. Hulle sal U op hulle hande dra sodat U nie U voete teen die klippe kan stamp nie’.”² Yeshua antwoord hom: “Daar is egter óók geskrywe: ‘Jy mag יהוה, jou God, nie toets nie’.” (PWL).

Daar is talle wat die leuen van Satan glo en bereid is om die sprong van ongehoorsaamheid aan YHVH se Torah te maak. Talle is bereid om God se genade te toets (Deut. 6:16). Dit is hulle wat uiteindelik nie net sal struikel oor die rots, of wat hulle toon teen die rots sal stamp nie, maar dit is hulle wat hulself teen die rots te pletter sal val. En soos ons weet; Yeshua is daardie Rots (Jes. 8:14; Rom. 9:32 en 33) en die Rots is die Woord (Torah) wat elkeen sal oordeel:

Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. Joh. 12:48

Dit is hulle op wie Yeshua se woorde uiteindelik van toepassing sal wees, naamlik:

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' Matt. 7:21 tot 23 – PWL.

Daar is talle wat eendag sal sê: *Maar ek het gedink daar is geen veroordeling vir die wat in Yeshua is* (Rom. 8:1)! Ja, maar wanneer Rom. 8:1 tot 11 in konteks gelees word, maak Paulus dit duidelik dat daar geen veroordeling is vir die wat in Yeshua deur die Afgesonderde Gees gelei en geleer word om Torah-gehoorsaam te wees!

By herhaling het die geskiedenis bewys dat die mens te midde van waarskuwings en duidelike gevaartekens onwillig is om effektief en regstellend op te tree. Eers wanneer die situasie versleg tot op die punt waar oorlewing ter sprake kom, sal die mens daadwerklike pogings aanwend om wat verkeerd is te wil regstel. Dit is gewoonlik dan te laat, want die oomblik van impak, naamlik grondvlak, is dan bereik en die gevolge is gewoonlik rampspoedig.

Die verre meerderheid wat bely dat Yeshua die Messias is, verontagsaam YHVH se vermanings en waarskuwings soos ondermeer opgeteken is in Lev. 26:14 tot 39. Moses profeteer dat eers nadat al hierdie teenspoed en strafgerigte oor Israel gekom het, sal hulle hul ongeregtigheid bely, asook die ongeregtigheid van hulle vaders. Eers wanneer hulle onbesnede harte verneder is en hulle hul skuld erken, sal YHVH Sy verbond met Abraham, Isak en Jakob onthou, asook die land Israel onthou. (Lev. 26:40 tot 42).

Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot. Matt. 7:24 tot 27.

Bepins of Bespreek

1. Talle gelowiges wat YHVH se Torah verwerp ervaar voorspoed. So word die verkondigers van die voorspoedlering as bewys voorgehou dat gelowiges vry van die wet (Torah) is en deur geloof en die gee van tiendes al God se seëninge deelagtig sal wees. Is voorspoed (op materiële-, liggaamlike- en sosiale gebied) 'n bewys van YHVH se seëninge? Wat het Yeshua bedoel toe Hy gesê het: *Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê* (Joh. 10:10)? Wat is YHVH se definisie van lewe en oorvloed? Is gelowiges wat YHVH se Torah verwerp en voorspoed beleef nog in die 'vryval' stadium voor hulle die grond tref?

Lev. 26:3 – Die Sleutel tot Lewe en Oorvloed

As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, sal Ek..... Lev. 26:3

Lev. 26:3 is die sleutel wat die deur tot ware lewe en oorvloed oopsluit! Daarom is dit belangrik om die betekenis van sekere Hebreeuse woorde wat in hierdie teksvers gebruik word, te verstaan.

- YHVH se *insettinge* (Hebreeus: *chukkah*) se grondwoord verwys na dit wat op klip of metaal gegraveer is en daarom verwys dit na die tien gebooie. Hierdie is die tien woorde (gebooie) wat op elkeen wat deur geloof in Yeshua regverdig verklaar is, se hart geskrywe sal word (Hebr. 8:10; Jer. 31:33). Dit is die tien pilare waarop al YHVH se onderrig en instruksies staan. Dit is YHVH se geregtigheid in Yeshua.
- Om in YHVH se *insettinge te wandel* (Hebreeus: *halak*) verwys na die bestudering van Torah. Dit is om Torah dag en nag te oordink (Ps. 1:2; Jos. 1:8) en om deur Torah te 'loop'. Dit is om Torah 'te eet' en dit heuningsoet te ervaar (Eseg. 3:3). Dit is 'n soeke na die Vaderhart en om Sy liefde te beantwoord deur gehoorsaamheid (Joh.14:21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 5).
- YHVH se *gebooie* (Hebreeus: *mitzvot*) is die riglyne hoe om te lewe. Dit is die grense van wat heilig (*kodesh*) en onheilig (*chol*) is, asook die grense van wat rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) is. YHVH se gebooie bepaal die grense waarbinne ons in vryheid sonder vrees kan lewe.
- Om die gebooie *te hou* (Hebreeus: *sh'mar*) is om dit te vertroetel, dit te beskerm, dit lief te hê, dit van onskatbare waarde te ag en derhalwe daarvoor die wag te hou. *Halleluja! Welgeluksalig is die man wat YHVH vrees, wat 'n groot welbehae in sy gebooie het* (Ps. 112:1). *Dan sal ek nie beskaamd staan as ek op al u gebooie let nie. En ek wil my verlustig in u gebooie wat ek liefhet, en my hande ophef na u gebooie wat ek liefhet, en u insettinge oordink.* (Ps. 119:6, 47 en 48).
- Om YHVH se gebooie *te doen* (Hebreeus: *asah*) is om alles te doen wat Torah ons beveel om te doen. Dit is om YHVH se geregtigheid te doen. *Welgeluksalig is hulle wat die reg bewaar, die wat altyd geregtigheid doen* (Ps. 106:3). *Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie* (Eseg. 18:21)

Opsomming: Ons bestudeer Torah met die doel om die onderrig en instruksies van YHVH te leer en ons leer dit met die doel om dit in ons daaglikse lewe toe te pas (te doen) en sodoende ons liggame te offer as 'n lewende, heilige en aan God 'n welgevallige offer en die vernuwning van ons gemoed te ondergaan sodat ons weet wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is (Rom. 12:1 en 2).

Ons bestudeer nie Torah net met die uitsluitlike doel om ons kennis te vermeerder nie. Nee, ons wil die kennis toepas, want dit is bewys van ons vertrouwe in YHVH en bewys van ons getrouheid aan Vader-God. Alleenlik dan staan ons onder die sambreel van YHVH se seëninge. Vertroue (geloof) sonder werke is dood (nutteloos)(Jak. 2:14 tot 24).

Ons Westerse (Griekse) denke is die rede hoekom ons egter geneig is om net die geestelike sy van Torah raak te sien en die praktiese deel te ignoreer. Daarom word die ou verbond dikwels slegs as geestelike lesse beskou.

Ons bestudeer, leer en doen Torah omrede ons beter diens wil doen as ‘n koninklike priesterdom. Goeie werke kan ons nie red nie, maar dit maak wel van ons beter diensknegte (priesters).

Bepeins of Bespreek

1. Deel van Torah-gehoorsaamheid is geloof (vertroue) in Yeshua as Messias. Paulus bevestig dit in 2 Tim. 3:14 en 15. Geloof in Yeshua as Messias sonder dat dit gevolg word deur Torah-gehoorsaamheid is dus ‘n vals Evangelie! Geloof het nie die Torah tot niet gemaak nie, maar dit wel bevestig (Rom. 3:31).

Lev. 26:4 tot 39 – Seëninge en vloeke

Lev. 26:4 tot 13 is ‘n beskrywing van al die seëninge wat op gehoorsaamheid sal volg. Daar is ‘n duidelike en direkte verband tussen gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies en die seëninge wat dit meebring. Lees ook Deuteronomium 28 in die verband. Luister wat belowe YHVH vir gehoorsaamheid aan Torah:

Julle vyande sal deur die swaard voor julle val, want Ek sal goedgunstig na julle kyk, julle vrugbaar maak, julle vermenigvuldig en My verbond sal Ek met julle bevestig. Julle sal graan eet wat opgestoor is en die ou oes uithaal ter wille van die nuwe. Ek sal My woonplek tussen julle oprig en My Persoon sal julle nie verwerp nie. Ek sal tussen julle loop en julle God wees en julle sal My volk wees. Lev. 26:8 tot 12 – PWL.

In Lev. 26:14 tot 39 vind ons egter ‘n beskrywing van die vloeke (oordele, strafgerigte) wat op ongehoorsaamheid sal volg. Ook hier sien ons die direkte verband tussen ongehoorsaamheid en vloeke. Met volhardende ongehoorsaamheid is daar egter ‘n toename in die intensiteit en omvang van die vloeke (strafgerigte):

- Lev 26:18 *En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig.* Verwys ook Lev. 26:21, 24 en 28. Die viervoudige herhaling van *sewevoudig weens julle sondes* onderstreep die uiterste belangrikheid van ‘n rein (*tahor*) en afgesonderde (heilig; *kadosh*) leefwyse. Dit dien egter ook as bewys van YHVH se genade en geduld. YHVH gee altyd geleentheid om ons te bekeer en terug te keer tot gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies. Indien ons egter nie gehoor gee aan Sy aanvanklike tugtuging nie, sal die omvang en gevolge van ongehoorsaamheid egter toeneem.
- Dit herinner ons ook aan die feit dat Torah (die Woord) soos ‘n tweesnydende swaard is (Heb. 4:12), *want dit dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is ‘n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.* Alles word blootgelê – selfs die bedoelinge van die hart (siel) en gees word ondersoek om te bepaal of die bedoelinge gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid is. Beide gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid se voedingsbron is die siel en die gees van die mens. Daarom is ongehoorsame (onreine en onheilige) gedagtes ook die oortreding van Torah (Matt. 5:28) met dieselfde gevolge as die werklike fisiese oortreding!!

Bepeins of Bespreek

1. Lev. 26:7 en 8 – *Julle sal jul vyande agtervolg en hulle sal voor julle val deur die swaard. Vyf van julle sal honderd agtervolg, en honderd van julle sal tien duisend agtervolg; en julle vyande sal voor julle val deur die swaard.* Is hierdie twee teksverse ook ‘n verwysing na geestelike oorlogvoering? Verwys in die verband na Luk 9:1; Luk. 10:19; Mark 16:17 en 18; 2 Kor 10:3 tot 5; Efes. 6:10 tot 18 en Open. 12:11. Indien 5 Torah-gehoorsame Israeliete ‘n 100 sal laat vlug en ‘n 100 sal 10 000 laat vlug, is daar sekerlik ‘n les in die belangrikheid van eenheid tussen gelowiges. Is daar eenheid in die Messiaanse Beweging of misluk ons eweneens soos die Christendom deur verdeeldheid wat ons verswak en onefektief maak?
2. Wanneer teenspoed ons tref, moet ons eerstens selfondersoek doen. Elkeen behoort te vra: Is ek nie die oorsaak van my teenspoed nie? Volgens navorsing word minder as 5% van mense wat gaan vir gebed vir genesing wel genees! Statisties is daar ook geen verskil tussen Christene en nie-Christene ten opsigte van die voorkoms van siektes nie. Statisties ook geen verskil in alkoholmisbruik, verslawing, egskeiding en seksuele immoraliteit tussen Christene en nie-Christene! Is dit bevestiging dat die leerstelling van die Christendom misluk het aangesien hulle slegs geloof in Yeshua as Messias verkondig en nie ook gehoorsaamheid aan Torah nie? Kan hierdie statistiek as bewys voorgehou word dat Vader-God gehoorsaamheid aan Torah vereis? Is Jes. 5:13 en 14 en Hos. 4:6 in die geval van toepassing?

Lev. 26:32 tot 35 – Israel, Die Land En Volk Is YHVH Se Eiendom

Dan sal die land sy Shabbatte geniet, solank as dit woens lê terwyl julle in die land van julle vyande is; dan sal die land rus en sy Shabbatte geniet. Lev. 26:34 – PWL.

Die erns om in gehoorsaamheid die Shabbatjaar en die Jubeljaar op die bestemde tye te gedenk, word in hierdie teksverse onderstreep en is bevestiging van dit wat ons in die vorige parashah, *Behar* – Op die berg, geleer het. Dit gaan dus nie net oor goeie landboupratyke (natuurwette) wat gevolg moet word nie, maar wel ook oor YHVH se geestelike wette. Hierdie is ‘n toets van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah en ‘n toets van vertroue in YHVH as Voorsiener.

YHVH is baie besorg oor Israel – beide Sy volk en Sy land! YHVH het Sy volk gekies, om soos in die tuin van Eden, die Beloofde land Israel te bewaak en te bewerk. Die land Israel is YHVH se eiendom (Lev. 25:23) en Sy volk is aangestel as die rentmeesters (bewakers en bewerkers) van Sy land. Daarom sal Hy die intensiteit van die vloeke vermeerder indien Israel nie die Shabbatjaar en Jubeljaar eerbiedig nie. En soos die geskiedenis bewys het, het hierdie profetiese woorde van Moses waar geword! Israel is verstrooi sodat die land kon rus en vir sy shabbatte vergoeding kry.

Bepeins of Bespreek

1. Huidig eerbiedig Israel die Shabbatjaar, maar om verskeie redes nie die Jubeljaar nie. Soos ook in die vorige parashah genoem was, is daar baie meningsverskille oor die telling van die Shabbatjaar en Jubeljaar. Wie is reg? Is dit ‘n geval dat ons sal moet wag tot Yeshua se wederkoms voor ons die waarheid sal weet. Intussen maak Boaz Dreyer ‘n belangrike stelling wat meriete het:

So, when and how do we count? HASHEM is the only one who really knows and we believe that our responsibility is to be in unity with the Nation of Israel as HASHEM has preserved her until now. When Mashiach comes, all these issues will be cleared up. As a witness, seven years ago the farmers in our area had a double portion and many are reporting the same again this year. This to me is sufficient a sign that HASHEM is honouring our current calendar. Do we have to have all the answers? The Rabbi studied long and hard to come up with the calendar we have and I believe HASHEM honours our obedience to them as those placed in authority over us (Shefa Israel, <http://www.shefaisrael.com/>, Parashah Behar).

In Parashah 30 (*K'doshim*) skryf Boaz ook die volgende:

So as we look at those around us standing in judgment over the Jewish people and our interpretation of the Torah, I would like to remind those accusers that Israel has to accept them into the fold. The nations wanting to come into Israel are going to have to conform to what Israel is in order to be a part of what Israel is going to be. Judah has been ordained by HASHEM to be the lawmaker – the mechokek – and He is not in the business of changing His mind. Gen 49:10 and Ps 108:9

Beteken dit, veral gesien in die lig van Gen. 49:10 en Ps. 108:9, dat ons terwille van eenheid Judaïsme moet volg in terme van die kalenderdatums vir Rosh Kodesh (nuwe maan), die Vasgestelde Tye (feestyte), die Shabbatjaar en die Jubeljaar? Indien wel, is die vraag: Waar trek ons die streep ten opsigte van dit waar ons met Judaïsme saamstem en waar ons nie saamstem nie?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Jer. 16:19 tot 17:14 – Die Terugkeer Uit Ballingskap

Hierdie week se Haftorah Skriflesing vind aansluiting by ons weeklikse parashah in die sin daarvan dat dit ook te doen het met die seëninge van gehoorsaamheid aan Torah en met die vloeke (oordele, strafgerigte) van ongehoorsaamheid. Jeremia profeteer dat Israel se ongehoorsaamheid uiteindelik daar toe sal lei dat hulle hul erfenis kwyt sal wees en dat hulle hul vyande in 'n vreemde land sal dien (Jer. 17:4).

Maar die profetiese woorde van Jeremia waarmee hierdie week se Haftorah begin is ook op ons vandag van toepassing:

O יהוה, my Sterkte en my Vesting, my Toevlug in die dag van benoudheid, tot U sal die volke van die eindes van die aarde af kom en sê: “Ons vaders het niks geërf, behalwe valsheid, nuttelosheid en dinge sonder voordeel nie. Jer. 16:19 – PWL.

Ons is die geslag wat besef dat die geestelike naletenskap van ons voorvaders valsheid, nuttelosheid en dinge sonder voordeel is. Ons was weggevoer in 'n geestelike ballingskap en het ons erfenis in Yeshua weens geestelike blindheid prysgegee.

Jeremia spreek die kernorsaak hiervan aan deur te sê:

So sê יהוה: “Vervloek is die man wat op die mensdom vertrou en vlees sy krag maak en wie se verstand, wil en emosie wegdraai van יהוה af. Hy sal wees soos 'n plant in die woestyn en sal

nie sien as voorspoed kom nie, maar sal in klipperige plekke in die wildernis bly, 'n soutland sonder inwoners. Jer. 17:5 en 6

Ons voorvaders het geglo dat Yeshua die Messias tot vergifnis van sonde is, maar hulle het geweier om YHVH te vertrou as die Een wat hulle deur Sy Torah onderrig in 'n lewe as gergeverdigdes. Ons voorvaders het staat gemaak op hulle eie geformuleerde wette wat sinkretisme van Torah en die wysheid van mense is wat met afgodery gepaardgaan. Hulle het hulle eie geregtigheid opgerig, want hulle het nie die geregtigheid van God geken nie. Soos Paulus kan ons ook sê:

Want ek getuig van hulle (ons voorvaders) dat hulle 'n ywer vir God (gehad) het, maar sonder kennis. Want omdat hulle die geregtigheid van God nie (ge)ken (het) nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig (het), het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Rom. 10:2 en 3

Indien hoofstukke 16 en 17 van Jeremia in geheel gelees word, sien ons egter die profesie van die uiteindelijke herstel van Israel.

So waar as יהוה leef, wat die seuns van Yisra'el gebring het uit die land van die noorde en uit al die lande waarheen Hy hulle verban het, ' want Ek sal hulle herstel na hulle eie land wat Ek vir hulle vaders gegee het. Let op, Ek sal stuur vir baie vissers, ' verklaar יהוה, "en hulle sal hulle van die eilande af vang; daarna sal Ek stuur vir baie jagters wat hulle sal jag vanaf elke berg en van elke heuwel en uit die rotsskeure, Jer. 16:15 en 16

Ons is deel van die volke wat van die eindes van die aarde af terugkeer tot vertrou in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah. Dit is ons wat terugkeer uit geestelike ballingskap om ons erfenis in Yeshua weer in besit te neem. Hierdie erfenis is die reiniging van ons oortredinge van Torah deur die kosbare bloed van Yeshua (Heb. 9:11 tot 13) en YHVH se Torah wat op die tafels van ons hart geskryf is om dit te wil gehoorsaam en wat in ons verstand gegee is om dit te kan verstaan om dit te doen (Heb. 8:10).

Ons is die skape wat gedwaal het en wat elkeen sy eie pad geloop het (Jes. 53:6; Ps. 119:176). Maar Yeshua het gekom om te red wat verlore was (Matt. 18:11). Aan die einde van dae sal YHVH self sy verlore skape bymekaar maak:

want so sê יהוה-God: "Let op, Ek sal self soek na My skape en hulle opsoek. Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag wanneer hy tussen sy verstrooide skape is, so sal Ek vir My skape op 'n bewolkte en donker dag sorg en hulle bevry uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is. Ek sal hulle uitbring uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land en Ek sal hulle voed op die berge van Yisra'el, by die strome en in al die bewoonde plekke van die land. Ek sal hulle in 'n goeie weiveld voed en hulle weiplek sal op die berghoogtes van Yisra'el wees. Daar sal hulle lê op goeie weiplek en eet in ryk weivelde op die berge van Yisra'el. Ek sal self My skape voed en Ek sal hulle laat rus," verklaar יהוה-God. Ek sal die wat verlore is soek,¹ die verstrooides terugbring, die beseerdes verbind en die siekes versterk; Ek sal die vettes en die sterkes beskerm en Ek sal hulle voer met regverdige oordeel. Eseg. 34:11 tot 16 – PWL.

YHVH sal Sy skape wegneem uit die hande van die herders wat aan hulself weiding verskaf en hulle skape die prooi van wilde diere maak (Eseg. 34:2 en 8). Die skape sal weer die stem van die goeie herder hoor en Hom in Torah-gehoorsaamheid volg (Joh. 10:11 en 14).

Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele. 1 Pet. 2:25.

YHVH roep Sy verlore skape om uit die duisternis van Babilon te kom tot Sy Wonderbare Lig in Yeshua en Torah.

En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4

Bepeins of Bespreek

1. Is dit nie tragies dat die Afrikaanse Ou Vertaling, soos vele ander vertalings, Jer. 16:21 vertaal as: *en hulle sal weet dat my Naam HERE is!?* Die wat die Goeie Herder ken, weet dat Sy Naam יהוה (YHVH – Yahuah) is. Die wat terugkeer uit ballingskap ken Sy Naam! Wat 'n voorreg het ons, want Joh. 17:3 het in ons lewe waar geword, naamlik: *Dit is die ewige lewe: dat hulle U en Hom wat deur U gestuur is, Yeshua, Die Gesalfde Een, sal ken, want U alleen is die God van Waarheid (PWL).* En hiermee saam verstaan ons dat *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom (Joh. 3:36).*
2. Laat die laaste woorde van hierdie week se Haftorah ook ons daaglikse gebed wees: *Maak my gesond, יהוה en ek sal gesond wees; red my, dan sal ek gered wees, want U is my lofprysing. Jer. 17:14 – PWL.*

Wees sterk, wees sterk en word versterk!!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.